# 2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE TRANS-VAALSE PLAASSKOOL VOOR 1860

## 2.1 Onderwys tydens die Groot Trek

### 2.1.1 Inleiding

Sedert 1835 het die Hollands-Afrikaanse boere hulle plase in die Oostelike grensdistrikte van die Kaapkolonie verlaat en na die binne= land begin trek. Die doel was om 'n nuwe, vrye en rustiger tuiste vir hulle en hulle kinders te vind. Gedurende die Groot Trek het die emigrante geïsoleerd gebly van die vreemde gedagtestrominge wat vanaf die Wes= terse wêreld na die Kaap gekom het. Aangewese op hulle vindingrykheid en vertroue op hulle God, het die Voortrekkers hulle Protestants-Christelike leefwyse in die wilde binneland bewaar.[1] Van die geskatte 10 000 siele wat gedurende die dertigerjare van die vorige eeu vanaf die Oostelike grensdistrikte getrek het, was daar ongeveer 2 000 kinders wat op skool= onderwys aangewese was.[2]

1) PISTORIUS, P. Gister en vandag in die op= voeding, p.289.

2) ROOS, S.I.W. Onderwys in Transvaal, 1838-1858, p.14.

Die vyandige en onsimpatieke Kaap-Hollandse Kerk het tevergeefs gepoog om die landverhuisers te oorreed om te bly. Geen predikante kon ge=vind word om die Trekgeselskappe te vergesel nie.[3]

### 2.1.2 Onderwys gedurende die Groot Trek

Die opvoedkundige denke van die Voortrekkers het alreeds vorm en gestalte in die Oostelike grensdistrikte aangeneem, want „... de voor=vaderlijke vormen van godsdienstoefening en skoolonderwijs" was juis die vernaamste rede waarom hulle die Kaapkolonie verlaat het.[4] Die Trekkers was derhalwe gesteld op hulle godsdiens en die opvoeding en onderwys van hulle kinders.

Van 'n georganiseerde skoolstelsel was daar gedurende die Trek geen sprake nie. Die ouers het vasberade gepoog om aan hulle kinders ten minste die minimum onderwys te verskaf, om so=doende die Bybel te kan lees, en om lidmaat van die kerk te kan word. Vanweë bogenoemde feit sou 'n mens 'n grootskaalse ongeletterd=heid by die mense kon verwag, maar die teen=

3) PRELLER, G.S. Voortrekkermense, p.135. Vgl. ook: DREYER, A. Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, p.33.

4) LAUTS, U. De Kaapsche landverhuizers, p.31.

oorgestelde blyk eerder waar te wees. Die kerk het vereis dat die jongmense moes lees en skryf, alvorens hulle belydenis van geloof kon aflê, „En daarvoor moet het Afrikaanse volk de kerk eeuwigen dage dankbaar wezen. Want deze weigering van wege de kerk om per= sonen, die niet lezen of schrijven konden tot het lidmaatschap toe te laten, heeft de Afrika= ner van analfabetisme gered".[5)]

Die enkele onderwysers wat die verskillende Trekgeselskappe vergesel het was onvoldoende om aan die groot aantal kinders onderwys te verskaf. In die meeste gevalle moes die ouers, veral die moeders, self die nodigste skoolon= derwys aan hulle kinders verskaf. Soggens het die groter seuns met die „Trap der Jeugd" die veld ingegaan agter die vee aan, en hulle lesse daaruit geleer.[6)] Die jonger kinders is gewoonlik vir skoolonderwys byeengeroep, nadat die waens in 'n laer getrek is. Onder= wys is dan deur die saamtrekkende skoolmeesters (indien beskikbaar) òf deur die moeders ver=

5) HOOGENHOUT, N.M. De wetgeving op het onder= wijs in de Z.A. Republiek. (In V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, p.44).

6) BOT, A.K. Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, p.2.

skaf.[7] Die Voortrekkerkind het, volgens 'n vertelling van mev. Joubert, „... mooi leer lees, maar skrywe het swaar gegaan".[8]

Volgens J. Chr. Coetzee was die opvoeding en onderwys van die konserwatiewe Voortrekkers „... kernagtig, kerngerig en kerngesond". Dit was prakties en gerig op die tydelike sowel as die ewige lewe.[9]

### 2.1.3 Enkele Boereskoolmeesters wat die Trekgesel= skappe vergesel het

* Oor die voorgeskiedenis van Daniël Pfeffer, die eerste Boereskoolmeester in Transvaal, is daar min bekend. As huisonderwyser het hy waarskynlik diens by die Trichardt-familie gedoen, toe hy op 'n ouderdom van vyf-en-sewentig jaar sy aardse besittings bymekaar gemaak het, en saam met Trichardt en sy volgelinge die binneland ingetrek

7) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal. (_In_ Coetzee, J.C. _red._ Onderwys in Suid-Afrika, p.281).

8) POSTMA, R. Die kind en die Groot Trek. _Die Huisgenoot_. Gedenkuitgawe. Desember 1938, p.156.

9) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.12.

het.[10]

* By die Potgieter-trek was daar minstens twee onderwysers, nl. McDonald[11] en Tielman Roos.[12]

Tielman Roos het, behalwe sy onderwyspogings op verskillende plase in Transvaal gedurende die vestigingsjare, gedurende die Groot Trek by die staanplekke formele skoolonderwys aan die kinders verskaf. Op plekke waar die Voortrekkers vir 'n paar maande vertoef het, het hy gewoonlik die kinders in 'n skoolge= boutjie, opgerig van riet en klei, onderrig.[13]

* Erasmus Smit, die ou en sieklike sendeling-skoolmeester, wat die Maritz-trek vergesel het, is in 1778 in Amsterdam, Nederland, gebore. Na sy opleiding as sendeling in Nederland het hy in 1804 in die Kaapkolonie

10) BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek. Die Huisgenoot, op. cit., p.159. Vgl. ook: LUBBE, J.J. Lewensomstandighede en opvoeding van die Voortrekkerkind, p.77.

11) Hy was saam met die Liebenberg-familie die slagoffer van 'n Matebeli-impi in die omge= wing van Parys, O.V.S.

12) BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek. Die Huisgenoot, loc. cit.

13) VAN DER MERWE, J.L. Geskiedenis van die ont= wikkeling van die onderwys in Rustenburg, p. 24.

aangekom waar hy vir ongeveer twintig jaar lank in die diens van die gehate Londense Sendinggenootskap was.

Hy het in 1822 in die huwelik getree met 'n suster van Maritz. Uit nood moes hy soms in die Kaapkolonie as skoolmeester opgetree het. Ten spyte van sy persoonlike ongewild=heid was sy ontwikkelingspeil ver bo dié van die gewone rondgaande huisonderwyser.[14)]

* Skoolmeesters Wijnand Maré[15)] en Alfred Smith[16)] was saam met Piet Retief en sy volgelinge.

Maré het oor twee groot veldtente beskik wat hy as skoollokale ingerig het. Soms het „legerschoolmeester" Maré se tente ook as vergaderplek vir kerkdienste gedien.[17)]

* Teen die einde van 1836 het Erasmus Smit 'n negentienjarige onderwyser by die Modder=rivier teengekom wat, ten spyte van sy jeug=

14) ROOS, op. cit., p.28-9. Vgl. ook: BOSMAN, loc. cit.

15) HOOGENHOUT, loc. cit.

16) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onder=wys in die S.A. Republiek, p.19.

17) BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek. Die Huisgenoot, op. cit., p.159. Vgl. ook: LUBBE, op. cit., p.78-9.

Wijnand Wilhelm Maré, die „legerschool=
meester" wat twee groot veldtente as
skoollokale ingerig het, wat saam met
Piet Retief en sy volgelinge getrek het.

(V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, teenoor p.43).

dige ouderdom, nuttige onderwys verskaf het aan die kinders van die families Bezuiden=hout, Liebenberg en Van den Berg. Verder was daar nog Koos Nel, Jan Helberg, Bernard Oppel en Van der Merwe.[18)]

## 2.2 Onderwys op Transvaalse boereplase voor 1860

### 2.2.1 Algemene oorsig

In 1840 was die Groot Trek grotendeels verby, en die pioniersbevolking kon hulle op uitge=strekte plase in Transvaal begin vestig. Hulle is deur hulle eie mense regeer, hulle eie taal was die amptelike taal en hulle tradisies was oral dieselfde. 'n Eenheidsgevoel het begin groei en 'n eie nasieskap is gebore.[19)]

Die nomadiese leefwyse van die eerste neder=setters en die ylverspreide bevolking op die uitgestrekte plase, het 'n georganiseerde skoolstelsel onmoontlik gemaak. Landerye moes bewerk word, huise moes gebou en water voorsien word, die vee moes versorg word en daar moes gewaak word teen wilde roofdiere en vyandigge=sinde inboorlinge. Daar was dus ook min tyd

18) ROOS, op. cit., p.31-2. Vgl. ook: BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek. Die Huis=genoot, loc. cit.

19) BOT, A.K. Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, p.3.

tot hulle beskikking oor om aan formele skool=onderwys te spandeer.[20]

Uitgestrekte „staatsgemeenschappen" is gedu=rende die beginjare gevorm, en onderwys was hoofsaaklik 'n private en plaaslike aangeleent=heid. Plaasouers het afsonderlik, ȍf in groe=pe,[21] 'n privaat huisonderwyser vir 'n aantal maande gehuur as daar op 'n plaas, of omlig=gende plase, voldoende kinders van skoolgaande ouderdom bymekaar gebring kon word om 'n plaas=skooltjie te stig.[22]

Die rondgaande huisonderwysers was dikwels leeglêers en van 'n twyfelagtige karakter. Vanweë die skaarste aan onderwysers[23] is daar op die plase gretiglik van hulle dienste ge=bruik gemaak, indien hulle net die bevoegdheid om te kan lees en skryf gehad het. Dikwels moes die gehuurde skoolmeesters nog saam met die families van plaas tot plaas op soek na beter weiveld rondtrek.[24]

20) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal. (In Coetzee, J.C. red. Onderwys in Suid-Afrika, p.282).

21) As hulle binne bereik van mekaar gewoon het.

22) HOOGENHOUT, op. cit., p.43.

23) Volgens skatting was daar aanvanklik ongeveer 2 000 kinders van skoolgaande leeftyd met min=der as 'n dosyn onderwysers.

24) MALHERBE, E.G. Education in South Africa, p.224.

Behalwe die verskaffing van skoolonderwys moes rondgaande huisonderwysers tydens hulle kort=stondige verblyf van enkele maande ook nog dik=wels behulpsaam met die gewone plaaswerk wees. Die besoldiging, soms net in die vorm van plaas=produkte, was karig, die skoolmeubels en toerus=ting primitief en onvoldoende.[25)] Die leerplan het bestaan uit „... lees, sing, skryf, syfers, godsdiens".[26)]

Die Transvaalse plaasskool het sy ontstaan ge=vind in die praktyk waar individue, òf groepe ouers saam, 'n rondgaande huisonderwyser gehuur het. Hulle het gepoog om aan hulle kinders die vereiste minimum skoolonderwys te verskaf wat nodig vir die aflegging van die kerklike ge=loofsbelydenis was.

## 2.2.2 Onderwys op plase in die afsonderlike Boere=republieke en Generaalskappe voor 1860

* Die Potchefstroom-Rustenburgse gebied

Tielman Roos, wat hom in 1839 op 'n plaas tussen Potchefstroom en die Magaliesberg gevestig het, het deur middel van sy sg. „driemaandelikse kursus" skoolonderwys aan

25) BARNARD, A. Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys (blank) in Transvaal, p.6.

26) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.16.

'n hele aantal kinders van verskillende families verskaf.[27)]

Die bejaarde tant Kootjie Basson het weer van plaas tot plaas rondgegaan om onderwys te verskaf. Haar leer- en leesboek was die „Trap der Jeugd", en as gevolg van die tekort aan skoolboeke moes die leerlinge om haar vergader en oor haar skouer lees.[28)]

Na sy aankoms op Potchefstroom in Mei 1853[29)] was ds. Dirk van der Hoff uiters teleurge= steld in die ontwikkelingspeil van die „opkomend geslacht" in Transvaal. In Augus= tus het hy onder andere soos volg aan prof. U. Lauts in Nederland geskryf: „De onkunde onder het opkomend geslacht, dat is te zeg= gen, tot den ouderdom van 40 jaar toe, is verregaande; natuurlijk met enkele uitzon= deringen. De oudere van dagen die in de Kolonie nog godsd. opvoeding genoten hebben, zijn nog eenigzins ervaren; dat is te zeggen: het grootste gedeelte zweert by á Brakel en Hellmbroek. Het gros echter

27) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.28.

28) COETZEE, J.C. Die geskiedenis van die onder= wys in Potchefstroom. (In Van der Walt e.a. Potchefstroom, p.125).

29) SPOELSTRA, C. Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, p.148.

is verwilderd, naar ziel en lichaam, want ge moet u ook niet voorstellen dat het allen zulke frissche, forsch gespierde menschen zyn, och neen. Het grootste ge= deelte is ook maar middelmatig, ja van Sommigen is het aantezien, dat zij zoowel naar de ziel als naar lichaam van de jeugd af aan schrikkelijk verwaarloosd zijn. Schryven of rekenen kunnen slechts weinigen, ja er zijn zelfs landdrosten die hun naam niet eens kunnen tekenen. Wat het lezen aangaat. O! daar heeft men Jobs geduld voor nodig om het aantehooren. Zij kunnen ja, meest allen leezen, maar zoo dat er byna geen jota van begrypen". 30)

Die goewermentsonderwyser op Potchefstroom, H. van der Linden, het in Oktober 1853 aan U. Lauts geskryf dat hy verskeie aanbiedinge ontvang het om op plase te gaan onderwys gee, maar dat hy dit telkens van die hand gewys het omdat hy nie van voorneme was om slegs aan 'n klein groepie plaaskinders onderwys te verskaf nie. 31)

Ds. Dirk van der Hoff het in Augustus 1854 aan die Amsterdamse Kommissie geskryf dat

30) VAN DER HOFF, D. Brief aan U. Lauts. Pot= chefstroom, 1.8.1853. A13/2 : 249.

31) VAN DER LINDEN, H. Brief aan U. Lauts. Pot= chefstroom, 7.10.1853. A13/2 : 265.

die onderwystoestande op die Transvaalse platteland chaoties was. Daar was 'n ern=stige tekort aan skoolonderwysers. Boonop het die politieke twiste in die land die onderwysontwikkeling nadelig beïnvloed.[32)]

Ten spyte van die feit dat daar in die vroeë vyftigerjare ten minste een onderwyser op elkeen van die Transvaalse dorpe was,[33)] was daar op die plase nog 'n ernstige tekort aan bevoegde leerkragte.

Gedurende die sestigerjare was daar minstens twee plaasskole in die Rustenburgse gebied. Die een was op die plaas van S.J.P. Kruger (Waterval), en die ander op die plaas van F. Eloff.[34)]

Huisonderwysers Bakker en Klouts was in 1866 in die diens van P.J.W. Schutte op Buffeldoorns, Potchefstroom. Eersgenoemde is ontslaan, omdat hy die „predestinasie=leer" ontken het, en laasgenoemde omdat hy meer aandag bestee het aan die maak van klere as aan onderwys. In hierdie plaas=

32) VAN DER HOFF, D. Brief aan U. Lauts. Potchef=stroom, 3.8.1854. A13/2 : 251.
Vgl. ook: ROOS, op. cit., p.92.

33) VAN DER LINDEN, H. (Potchefstroom), SPRUYT, J.W. (Rustenburg) en POEN, W. (Lydenburg).

34) VAN DER MERWE, op. cit., p.33.

skool is Bybelse geskiedenis, lees, spelling, skryf en die sing van psalms onderrig. Re=kene het ook aandag geniet, maar die onder=wysers het nooit gevorder tot geldbewerkings nie.[35)]

* Die Lydenburgse Republiek

Na die aanleg van Potchefstroom het J.A. Smellekamp vir A.H. Potgieter aangeraai om hom ten noorde van die 26ste breedtegraad te vestig, ten einde buite die invloedsfeer van die Engelse te wees.[36)]

In 1845 het Potgieter en sy volgelinge in 'n oostelike rigting getrek. In Junie of Julie het hulle tot stilstand gekom op 'n plek ongeveer 257 km vanaf Delagoabaai waar die dorp Andries-Ohrigstad gestig is.[37)]

Die rustelose Potgieter het in 1848 na die Soutpansberg getrek. Die groepie Voortrek=kers wat op Andries-Ohrigstad agtergebly het, is erg deur malaria geteister en hulle het hulle ook onveilig gevoel teenoor die

35) COETZEE, J.C. Die geskiedenis van die onder=wys in Potchefstroom. (In Van der Walt, A.J.H., e.a. Potchefstroom, p.154-5).

36) WICHMAN, F.A.F. Die nedersetting te Ohrigstad. Historiese studies, jaargang 1, Julie 1939 - Mei 1940, No. 1, p.17.

37) ROOS, op. cit., p.98-9.

vyandiggesinde inboorlingstamme. Op 20 September 1849, het die Volksraad besluit om Lydenburg,[38] as hoofdorp van die Ohrigstadse gebied, aan te lê.[39]

Op grond van kerklike en staatkundige woelinge het Lydenburg op 16 Desember 1856 van die „Zuid-Afrikaansche Republiek" afgeskei, en op 17 Desember is „Die Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika" geproklameer. Na 'n kortstondige bestaan as onafhanklike Boererepubliek het die Lydenburgse Republiek op 4 April 1860 weer deel van die „Zuid-Afrikaansche Republiek" geword.[40]

Rondgaande huisonderwysers was in hierdie woeste, onbewerkte en ongesonde gebied baie skaars. Meester J. Helberg het in 1848 saam met Potgieter na die Soutpansberg getrek. Benewens Helberg het M. Hendrikse en A.F. Jansen ook vir 'n tyd lank op verskillende plase in die Lydenburgse grondgebied as rondgaande huisonderwysers gewerk.[41]

38) Lydenburg het „... den naam verkreeg van het lijden aan de gele koorts, door onze landgenooten te Ohrigstad doorgestaan. Het is van deze plaats vier uren Zuidwaarts, en heeft het voordeel van eene gezonde ligging". SPOELSTRA, C., op. cit., p.117.

39) ROOS, op. cit., p.100.

40) Ibid., p.101.

41) Ibid., p.107.

Nadat W. Poen, H. van der Linden en J.W. Spruyt as Nederlandse onderwysers in Dela=goabaai aangekom het, het hulle na Lydenburg gegaan.[42)]

Terwyl H. van der Linden en J.W. Spruyt na 'n geskikte geleentheid gesoek het om by die Volksraad aan te meld, het die Lyden=burgers die swakker gekwalifiseerde, maar ouer en bedaarder Willem Poen in hulle diens geneem. Hy is deur die kerkraad as onder=wyser en „oefeninghouer" aangestel met Ly=denburg as sentrum. Na die verloop van elke drie maande moes Poen die omliggende plase besoek om onderwys aan die kinders te verskaf, en op die meer verwyderde plase ook kerkdienste te hou.[43)]

Alhoewel daar min bekend is van Poen se onderwyspogings op die verskillende plase in die Lydenburgse gebied, het hy waarskyn=lik vir die plaasmense waardevolle dienste gelewer as onderwyser en „oefeninghouer" gedurende daardie moeilike beginjare. Terwyl sy twee kollegas, H. van der Linden en J.W. Spruyt, hulle ingelaat het met die

42) BREYTENBACH, J.H. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, dl. 2, 1851-1853, p.301.

43) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onder=wys in die S.A. Republiek, p.57.

ernstige politieke en kerklike twiste, het hy waarskynlik stilweg met sy werk voortgegaan.

In 1854 is J. Lenting deur die kerkraad aangestel om as huisonderwyser diens te doen op voorwaarde dat sy skole 'n Christelike gees moes adem.[44)]

* Die Soutpansbergse gebied

Kort nadat Louis Trichardt en sy volgelinge by die Soutpansberg aangekom het, is daar 'n skoolhuis opgerig. Op 24 Maart 1837 het Pieta, die agtienjarige seun van Trichardt, met behulp van 'n span osse hout begin aansleep vir die eerste skoolgebou in Transvaal.[45)] Pieta het die dag daarna die „dekgoed" aangesleep[46)] en op 27 en 28 Maart het Pieta en Gabriel die skoolgeboutjie gedek.[47)] Dit was egter eers op Saterdag, 22 April, toe die „... ouwe Daniel (Pfeffer) de kinderen in de School gezit ..." het.[48)]

44) ROOS, op. cit., p.114.

45) PRELLER, G.S. Dagboek van Louis Trichardt, 24.3.1837, p.50.
Vgl. ook: BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek. Die Huisgenoot, loc. cit.

46) PRELLER, G.S. Dagboek van Louis Trichardt, 25.3.1837, p.51.

47) Ibid., 27-28.3.1837, p.52-3.

48) Ibid., 22.4.1837, p.69.

Dit wil voorkom of Trichardt en sy mense nie deur dieselfde mate van vroomheid gekenmerk was as die emigrante wat na hom gevolg het nie. Daar bestaan die moontlikheid dat daar selfs op Sondae skoolgehou was.[49] Dit is ook interessant om daarop te let dat die baster=kinders van 'n sekere Albach, 'n Fransman wat met 'n naturellevrou saamgeleef het, onder die leerlinge van Pfeffer getel het.[50]

Ongelukkig is dit nie bekend wat Pfeffer aan sy leerlinge geleer het nie. Dit blyk uit die Dagboek van Louis Trichardt dat die gryse skoolmeester nie streng was nie en dat die skoolbywoning van sy leerlinge, veral gedurende oestyd, ongereeld was.[51]

Nadat daar besluit is om aan die einde van Mei 1837 na 'n geskikter plek te verhuis,[52] is die eerste Transvaalse skoolgeboutjie aan sy lot oorgelaat. Op 27 Junie 1837,

49) Ibid., 25.6.1837, p.108-9.

50) Ibid., 22,4,1837, p.69 en 28.5.1837, p.92. Vgl. ook : LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.17 en ook: GERDENER, G.B.A. Ons kerk in die Trans=gariep, p.68-9.

51) PRELLER, G.S. Dagboek van Louis Trichardt, 3.5.1837, p.72-3. Vgl. ook: LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.17-8.

52) PRELLER, G.S. Dagboek van Louis Trichardt, 30.5.1837 en 31.5.1837, p.93-5.

het D. Pfeffer en sy leerlinge op 'n ander plek weer 'n skoolgeboutjie betrek.[53] Hier het hulle ook nie lank gebly nie. Trichardt het besluit om rus en vrede by die Portugese te gaan soek en in Augustus 1837 het die trek na Delagoabaai begin.[54]

Na 'n vermoeiende reis van ongeveer agt maande het hulle op 13 April 1838, by die Fort van Delagoabaai aangekom.[55] Op 17 April het Pfeffer siek geword (malaria),[56] op Saterdag, 21 April het Trichardt die volgende in sy dagboek aangeteken: „Met hane kraaij is ouwe Daniel overleden, in den ouderdom van 78 jaar, 2 maanden, en 7 dagen ... Ik het hem begraven, en betaalde zijn begrafenis".[57]

Nadat hy en sy mense Andries-Ohrigstad verlaat het, het Potgieter op 2 Mei 1848, op 'n plek naby die huidige dorp Louis Trichardt aangekom. As gevolg van die bloeiende handel in ivoor

53) Ibid., 27.6.1837, p.109.

54) Ibid., 14.8.1837, p.142.

55) Ibid., 13.4.1838, p.303-4.

56) Ibid., 17.4.1838, p.311.

57) Ibid., 21.4.1838, p.314.

het hierdie aanleg vinnig ontwikkel.[58)]

Min is gedoen om die onderwys doeltreffender te maak, want die mense was waarskynlik tevrede met die ou tradisionele onderwys. Rondgaande huisonderwysers was skaars. J. Helberg en Jacobus Nel het gedurende daardie jare as pri= vate huisonderwysers onderwys aan plaaskinders verskaf.[59)]

Die tekort aan onderwysers het, gedurende ds. Dirk van der Hoff se besoek aan hierdie gebied, op 2 April 1854, in 'n kerkraadsvergadering ter sprake gekom. Daar is besluit dat ds. D. van der Hoff 'n poging sou aanwend om 'n onderwyser vanaf Nederland te laat kom. Benewens gratis inwoning sou die onderwyser 'n vaste salaris van R100,00 per jaar ontvang.[60)]

Toe ds. P. Huet die Soutpansbergse gebied in 1858 besoek het, was hy getref deur die ver= waarloosde toestand waarin die onderwys verkeer het. Gedurende sy verblyf aldaar, het hy vir ses dae per week skoolonderwys verskaf aan 50

58) DE VAAL, J.B. Opvoeding in Schoemansdal, 1848-1867. Historiese studies, jaargang 1, No. 2, Julie 1939 - Mei 1940, p.25.

59) Loc. cit.

60) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onder= wys in die S.A. Republiek, p.60.

tot 60 kinders.[61)]

Soutpansberg het reeds in 1852 as 'n selfstan= dige gemeente van Rustenburg afgestig, dog hul= le moes wag tot Junie 1864 vir hulle eie vaste predikant, ds. N.J. van Warmelo.[62)]

N.J. van Warmelo het prysenswaardige pogings aangewend om die algemene onderwystoestande in die Soutpansbergse gebied te bevorder. Die plaasmense het 'n swerwersbestaan gevoer, en verskeie getroudes was nog nie lidmaat van die kerk nie. Onderwysers was uiters moeilik be= kombaar, en van die plaasmense kon met moeite lees en skryf.[63)]

Vanuit die pastorie het daar geestelike krag uitgegaan wat tot voordeel van die plaasmense gestrek het. Hy het self skool gehou, totdat hy daarin geslaag het om 'n bekwame onderwyser, C. van Boeschoten, te kry. Sy eggenote het aan die jong meisies handwerk geleer.[64)]

61) LUGTENBURG, A.H. Ontwikkeling van verhouding tussen kerk en onderwys aan die Kaap tot 1806. (<u>In</u> Badenhorst, W.J. <u>e.a.</u> Wonderdade van God, p.225).

62) ENGELBRECHT, S.P. Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, p.179-187.

63) PONT, A.D. Nicolaas Jacobus van Warmelo, p.58-9.

64) ENGELBRECHT, S.P. Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, p.179-187.

Die onderwystoestande op plase in die Waterbergse distrik, wat gedurende daardie jare 'n deel uitgemaak het van die uitgestrekte Soutpansbergse grondgebied, was voor 1860 eweneens ondoelmatig. Gedurende die somermaande het malaria die nedersetters geteister. Na die reëns was die riviere vol en die uitgestrekte turfvlaktes onbegaanbaar. Vyandiggesinde inboorlingstamme het hulle voortdurend met aanvalle gedreig, en die tsetsevlieg-plaag het skade aan vee berokken.[65)]

## 2.3 Beheer oor die plaasskole

### 2.3.1 Die vestigingsjare, 1838-1850

Toe die Groot Trek in aanvang geneem het, was daar in die Kaapkolonie nog geen georganiseerde skoolstelsel op die plase nie. Die rondgaande huisonderwyser was die draer van die „schooltraditie".[66)]

Die plaasouers het gedurende die beginjare in Transvaal self voorsiening gemaak vir die vereiste minimum skoolonderwys van hulle kinders, en indien daar 'n rondgaande huisonderwyser beskikbaar was, het hulle van sy dienste gebruik

65) MARTINS, G.J. Die onderwys van blankes in Waterberg, p.2-3.

66) HOOGENHOUT, op. cit., p.44.

gemaak.[67)]

As gevolg van die besondere landsomstandighede kon die regering van die nuutgestigte Boere=staat hom nie met die onderwys bemoei nie. Die regering het egter die waarde van die op=voeding en onderwys besef, want art. 24 van die Grondwet, wat voorlopig op 9 April 1844, op Potchefstroom aanvaar en in Mei 1849, op Derdepoort bekragtig is, bepaal dat die bloei en welvaart van die staat gedien sou word deur die voorsiening van Ned. Herv. predikante en skoolonderwysers.[68)]

### 2.3.2 Die begin van staatsonderwys

Die begin van 'n min of meer georganiseerde staatsonderwysstelsel in Transvaal kan terug=gevoer word na die jaar 1851 toe die drie Hollander-onderwysers, naamlik H. van der Linden, J.W. Spruyt en W. Poen op Lydenburg aangekom het.

In Maart 1852, het die Volksraad H. van der

67) COETZEE, J.C. Vraagstukke van die opvoedkun=dige politiek, p.112.

68) HOOGENHOUT, op. cit., p.44-5.

Linden se memorie[69] tydens sy sitting op Rus=tenburg goedgekeur.[70] Van der Linden het in sy onderwysreglement geen besondere voorsiening gemaak vir die ylverspreide boerebevolking nie. Dit was egter die beskeie begin van 'n georga=niseerde skoolstelsel in 'n tydperk toe die plaaslike inisiatief, t.o.v. die daarstelling van onderwysaangeleenthede op die boereplase ongenoegsaam was.

Die Van der Hoff-onderwysreglement van 1853 het die kerk groter beheer oor die onderwys laat kry. Dit het vereis dat die rondgaande huisonderwysers op plase hulle by die plaas=like predikant moes aanmeld om bewys van hulle bevoegdheid te lewer.[71] Huisonderwysers op plase het waarskynlik in die praktyk met hulle werk aangegaan, sonder om bewys te lewer van hulle bevoegdheid. Omdat D. van der Hoff ge=durende daardie jare die enigste vaste predi=kant in Transvaal was, het dit daarop neergekom dat al die huisonderwysers, wat op die afgeleë boereplase werksaam was, deur hom geëksamineer

69) Die Van der Linden-onderwysreglement, wat 'n Christelike skoolstelsel voorgeskryf het, was die beskeie voorloper van verskillende onder=wyswette wat daarna gevolg het.

70) BREYTENBACH, J.H. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, dl. 2, 1851-1853, p.301.

71) Van der Hoff-onderwysreglement, art. 4.

moes word. Dit wil voorkom of D. van der Hoff deur middel van art. 4 die goewermentsonderwy= sers teen die onbevoegde plaasonderwysers wou beskerm.

In opdrag van die regering het die skoolkom= missie van Potchefstroom[72)] op 19 April 1859, 'n nuwe onderwysreglement opgestel, en op 5 Mei 1859, het die Volksraad dit goedgekeur.[73)] Hierdie onderwysreglement, wat bestaan uit der= tig artikels, het as die derde onderwyswet in Transvaal 'n hele aantal jare na 1859 die onderwys bepaal.

Ten spyte van die feit dat die onderwysregle= ment van 1859 geen woord gerep het oor die onderwys op plase nie, moes dit tog meegehelp het om die noodsaaklikheid van goeie onderwys vir die buitedistrikte onder die soeklig te plaas. Met hierdie onderwysreglement het die staat die inisiatief begin neem, en die magte van die kerkrade is ingekort.[74)]

72) GOETZ, M.A. (voorsitter), POORTMAN, B. (sekre= taris), PRETORIUS, M.W. (staatspresident), VAN DER HOFF, D. (predikant) en LOMBARD, H.S.

73) Reglement voor de gouvernements onderwyzers in de Z.A. Republiek. Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 20.5.1859.

74) Loc. cit.

## 2.4 Faktore wat die ontwikkeling van die Transvaalse plaasskool gedurende die beginjare beïnvloed het

Om 'n juister beeld van die ontwikkeling van die plaasskool gedurende daardie moeilike beginjare te kry, sal dit nodig wees om te let op die verskillende faktore wat 'n belemmerende invloed op die onderwysontwikkeling gehad het. 'n Positiewe en doelgerigte ontwikkeling was vanweë die vertroebelinge en belemmerende omstandighede nie moontlik nie. Die ontwikkeling van die plaasskool blyk dan ook 'n goeie weerspieëling van die algemene landsomstandighede in daardie tyd te wees, want dit was 'n saak van voorspoed en teenspoed, van groei en kwyn, en van ontstaan en verval.

### 2.4.1 Die ylverspreide plattelandse bevolking en die nomadiese leefwyse van die trekboere

Die tradisionele vorm van vestiging van die pioniersbevolking was in die vorm van geïsoleerde, alleenstaande, geslote en selfversorgende familie-eenhede. Vanweë die groot plase was die opstalle dikwels ure te perd van mekaar geleë.

Hierdie wyse van geïsoleerde vestiging en gebrek aan onderlinge verband tussen die verskillende afgesonderde en alleenstaande boer=

derye, het selfstandige en selfgenoegsame (maar dikwels ook eiegeregtige en dwarstrek=kerige) pioniers gevorm.[75] Uit die aard van die saak sou hierdie gees van selfstandigheid en individualisme die ontwikkeling van 'n ge=meenskaplike en georganiseerde onderwysstel=sel vir die boeregemeenskap bemoeilik.

Gedurende die vyftigerjare het ongeveer 2 000 blanke gesinne geografies versprei gewoon oor 'n uitgestrekte gebied wat gestrek het „... van die vrugbare oewers van die Mooirivier in die suidweste tot die koorsgeteisterde Ohrigstad in die ooste en Schoemansdal in die noorde".[76]

Gedurende daardie jare was die landelike be=volking die oorgrote meerderheid en die kern van die samelewing.[77]

Die ossewa was die hoofvervoermiddel wanneer die plaasmense stadig oor lang afstande en ongebaande weë moes beweeg na geleenthede soos die kwartaallikse Nagmaal, huwelike en be=grafnisse. Van hierdie byeenkomste het die

75) GROSSKOPF, J.F.W. Plattelandsverarming en plaasverlating, p.29.

76) PRETORIUS, C.J. Die ekonomiese faktor in die onderwys en in die vroegste onderwysgeskiede=nis van die Transvaal, p.22.

77) HOOGENHOUT, op. cit., p.43.

mense gretiglik gebruik gemaak om die behoefte aan geselskap te bevredig.[78)]

Sedert die vroegste jare was dit die gewoonte van die boerebevolking om met hulle gesinne en vee gedurende die wintermaande na die war= mer Bosveld of Laeveld te gaan waar die gesinne in waens, tente of eenvoudige hartbeeshuisies gewoon het. Die trek na die winterveld het gewoonlik ook met uitgebreide jagtogte gepaard gegaan.[79)] Hierdie nomadiese leefwyse van die landelike bevolking het daartoe gelei dat hulle kinders gedurende die wintermaande van 'n sis= tematiese en georganiseerde onderwysstelsel verstoke was.

Voor 1860 was die ylverspreide en ongekunstelde boerebevolking nog te nomadies en onbestendig van aard om 'n vaste maatskappy te vorm. Die ontwikkeling van die plaasskool het ernstig hieronder gely.

### 2.4.2 Politieke, staatkundige en maatskaplike woelinge

In die vroeë veertigerjare van die vorige eeu was daar nog geen georganiseerde regeringstel=

78) MALHERBE, E.G. Onderwys en die armblanke, p.16.

79) JEPPE, C. The kaleidoscopic Transvaal, p.88. Vgl. ook: GROSSKOPF, op. cit., p.33.

sel nie, en Andries H. Potgieter het opgetree as leier. Die stryd om die leierskap is ont=keten toe Andries W.J. Pretorius hom in 1847 op 'n plaas by die Magaliesberg gevestig het.

Die verskille tussen Potgieter en Pretorius sou egter spoedig besleg kon word as dit nie was vir die kwaadwillige bemoeiinge van die Hollander, H.T. Bührmann,[80)] nie. Hy het hulle teen mekaar aangehits deur kwaad by die een teen die ander te spreek.[81)]

Met die goedkeuring van die „Drie-en-dertig Artikelen" op 23 Mei 1849, was Transvaal as 'n Boerestaat ingerig, dog die politieke twiste het voortgeduur.[82)] Selfs die ondertekening van die Sandrivierkonvensie op 17 Januarie 1852, waardeur Engeland die onafhanklikheid van die Boerestaat „... benoorden de Vaal revier ..." erken, en die „... Emigranten boeren over de Vaal revier het regt ..." ver=

80) In 1848 het Bührmann hom in die Soutpansberg=se gebied gevestig met die voorneme om as onderwyser op te tree. Hy het hom spoedig ongevraagd met die politiek bemoei, en van sy voorgenome onderwyspogings het niks tereg ge=kom nie.

81) BOSMAN, I.D. Die Groot Trek, 1838-1854. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, p.241). Vgl. ook: ENGEL=BRECHT, S.P. Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, p.62.

82) KEMP, J.C.G. Vir vryheid en vir reg, p.26.

kry het om „... hunnen eigene zaken te behan= delen ...",[83] het nog geen einde gebring aan die onderlinge twiste nie.

Die gebrek aan 'n behoorlike grondwet, en 'n behoorlike regeringstelsel het die ontwikkeling van die Z.A.R., en ook van die onderwys, ge= strem. President M.W. Pretorius het die op= stelling van 'n behoorlike grondwet as een van sy belangrikste take gesien. Op 5 Maart 1858 is die „Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek" in die staatskoerant gepubliseer.[84] Daar was 'n sterk behoefte om die algemene onderwystoestande te verbeter, en daar was 'n groot behoefte aan „... Nederduitsch Hervormde Predikanten en Schoolonderwyzers".[85]

Die verkryging van 'n eie naam, nl. „De Zuid-Afrikaansche Republiek", het ook aan die po= litieke woelinge en twiste geen einde gebring nie. Ironies genoeg het die leuse, „Eendracht maakt macht", ook nie veel bygedra om die bur= geroorlog wat in die vroeë sestigerjare uitge= breek het, te verhoed nie. Baie onderwysers was self in die politieke woelinge gewikkel,

83) Vertaling van die Sandrivierkonvensie, 17 Januarie 1852. A13/8 : 1 263.

84) Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Repu= bliek, 5.3.1858.

85) Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek, art. 24.

en onderwyspogings moes as gevolg daarvan dik=wels vir 'n onbepaalde tyd gestaak word.[86)]

### 2.4.3 Die tekort aan predikante en die verdeeldheid op kerklike gebied

Omdat die kerk een van die eerste maatskaplike instellings in die volkslewe van die pioniers=bevolking was, het dit 'n belangrike rol tot in die verste uithoeke van Transvaal gespeel. Tydens Nagmaalsgeleenthede het die mense so=siaal verkeer, het jongmense belydenis van die geloof afgelê, is die sakramente bedien, en is daar onderwys aan die kinders verskaf.[87)]

Nadat daar 'n verandering gekom het ten opsig=te van die gesindheid van die Kaapse Sinode teenoor die Transvaalse blanke bevolking, is daar sedert 1847 gereeld deputasies van een of meer predikante na die noordelike „gemeentes" gestuur. Behalwe die prediking en die bediening van die sakramente, het die besoekende predi=kante gereeld jongmense „ondersoek" met die oog op die aflegging van geloofsbelydenis.[88)] Die feit dat daar altyd jongmense was om belydenis van geloof af te lê, is 'n bewys dat daar op

86) MALHERBE, E.G. Education in South Africa, p.230.

87) ALBERTYN, op. cit., p.49-50.

88) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.18.

die afgeleë boereplase onderwys aan die kinders verskaf was, want lees en skryf was 'n vereiste om lidmaat van die kerk te word.

Daar kon gedurende die vyftigerjare reeds twee denkrigtings onder die pioniersbevolking in Transvaal onderskei word. Die Patriotte het alles feil gehad vir hulle onafhanklikheid, en hulle het die besoekende Kaapse predikante met agterdog bejeën, omdat hulle van mening was dat hulle 'n kanaal kon skep waarlangs die Engelse die Transvaal kon beïnvloed. Aan die ander kant was daar ook diegene wat bereid was om onder die Britse vlag te staan, en aanslui=ting gesoek het by die Kaapkolonie.[89)] Hierdie twee strominge het gedurende die jare van die Z.A.R. tot ernstige kerklike geskille gelei met nadelige gevolge vir die ontwikkeling van die onderwys op die platteland.

Op 31 Augustus 1854, het die Lydenburgse Kerk=raad hulle verbintenis met ds. Dirk van der Hoff verbreek, en met die Kaapse Sinode onder=handel met die oog op inlywing.[90)]

89) BASSON, M.A. Die Britse invloed in die Trans=vaalse onderwys, dl. 1, p.100. Vgl. ook: DU TOIT, S. Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis, p.139.

90) ENGELBRECHT, S.P. Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, p.104-5.

Art. 20 van die Grondwet van 1858 het bepaal dat „... de Nederduitsch-Hervormde Kerk ... de Kerk van de Staat ..." sou wees. Volgens art. 22 kon slegs lidmate van die staatskerk as Volksraadslede dien.[91] Vanweë die feit dat die staat die beskermheer van die Ned. Herv. Kerk was, het die plaasskoolonderwysers wat lidmate was van die Ned. Herv. Kerk in 'n begunstigde posisie verkeer.

Die Gereformeerde Kerk is op 10 Februarie 1859, op Rustenburg[92] gestig, met ds. D. Postma as predikant.[93] Ds. F. Lion Cachet was in 1866 verantwoordelik vir die afskeiding van die Ned. Geref. Kerk van die Ned. Herv. Staatskerk.[94]

Uit die aard van die saak het die stryd, ver= oordeling en verdagmakery wat uit die kerk= like twiste en afskeidings gespruit het, groot

91) Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek, artt. 20, 22.

92) Dit is interessant om daarop te let dat die staatsorganisasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek sy beslag op Rustenburg gevind het, en dat die drie Afrikaanse kerke ook hulle ontstaan op Rustenburg gehad het.

93) Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Repu= bliek, 11.3.1859.

94) BADENHORST, W.J. Die vereniging van die Ned. Geref. Gemeentes in die Z.A. Republiek. (In Badenhorst, W.J. e.a. Wonderdade van God, p.115).

bitterheid veroorsaak. Die Ned. Herv. Staats=kerk en Gereformeerde Kerk was Hollands ge=oriënteer, terwyl die Ned. Geref. Kerk van Transvaal in die Britsgesinde Kaapse Kerk ge=wortel het. Dit spreek vanself dat die dog=matiese verskille tussen die kerke ook by die plattelandse bevolking diep gesny het, en dat die ontwikkeling van die plaasskool daaronder gely het.

2.4.4 Die swak finansiële posisie van die boere

Die geldelike instellinge van die pioniersbe=volking, wat hoofsaaklik uit veeboere bestaan het, was eenvoudig. Handelsverdrae is met smouse en inboorlinge gesluit, en ivoor en ander produkte, is verhandel. Sedert die veertigerjare het Engelse handelaars die plaas=mense gereeld besoek om ruilhandel te dryf. Die geldeenheid was die „ryksdaalder",[95] dog Engelse geld is ook aanvaar.[96]

Die landelike bevolking wou nie onder 'n for=mele staatsvorm gebuk gaan nie; daarom was die plaaseienaars teen enige vorm van belasting gekant. Om belastings te in, het die staat oor

95) Ongeveer R0,15.

96) VILJOEN, S.P. Die finansies van die Trans=vaalse Voortrekkers. (In Bosman, I.D. e.a. Voortrekker-gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, p.104, 112-3.)

geen dwangmaatreëls beskik nie, en die burgers het hulle aan dreigemente en/of smekinge ewe min gesteur.[97)]

Die haglike finansiële toestand waarin die Z.A.R. hom bevind het, en die leë staatskis, was 'n ernstige knelpunt in die weg van die ont= wikkeling van die Transvaalse plaasskool. Van= weë armoede kon plaaseienaars selde 'n privaat huisonderwyser vir 'n langer tydperk as die ge= bruiklike 3-6 maande huur.[98)] Die regering was ook nie daartoe in staat om 'n geldelike bydrae vir plattelandse onderwys te lewer nie. Die plaaskind se formele skoolonderwys was dus ge= heel en al in die hande van die afsonderlike families op die ylbewoonde boereplase gelaat.[99)]

### 2.4.5 Die inboorlingkwessie en die skaarste aan plaasarbeiders

Gedurende die pioniersjare het die buitebevol= king voortdurend met verskillende vyandiggesin= de inboorlingstamme te doen gekry. Ten spyte van die neerlae wat die burgers hulle toege= dien het, het Britse agente die inboorlinge ge= durigdeur teen die Republikeine aangehits.[100)]

97) Ibid., p.107.

98) PRETORIUS, op. cit., p.123.

99) VILJOEN, op. cit., p.115-6.

100) DU PLESSIS, C.N.J. Uit de geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders, p.279.

Die konflikte met die inboorlinge het die ont=wikkeling van 'n gevestigde lewenswyse by die landelike bevolking belemmer. Al het die ge=skille nie altyd op gevegte uitgeloop nie, was plaaseienaars soms genoodsaak om vanweë dreigen=de inboorlinggevare van vaste woonplek te ver=ander.[101] Waar daar botsings met die inboor=linge was, het dit dikwels gepaard gegaan met gevoelige stoflike verliese.[102]

Die tekort aan arbeidskragte het aan die vaders geen ander keuse gelaat as om die kinders plaas=werk te laat verrig nie. Van die groter seuns moes dikwels behulpsaam wees om roofdiere en vyandiggesinde inboorlinge van die plase af weg te hou. Daar was dus min geleentheid vir skoolonderwys, en dit was die uitsondering wan=neer die kinders van een ouerpaar vir 'n rukkie by 'n ander gaan bly het om onderwys van 'n privaat rondgaande huisonderwyser te ontvang.[103]

### 2.4.6 Tekort aan bevoegde leerkragte

Volgens 'n konserwatiewe skatting was daar tussen 1 700 en 2 000 kinders van skoolgaande ouderdom saam met die verskillende trekke, met

101) WILCOCKS, R.W. Die armblanke, p.9.

102) PRETORIUS, op. cit., p.21.

103) Ibid., p.22. Vgl. ook: CACHET, F.L. De worstelstrijd der Transvalers, p.406.

minder as 'n dosyn onderwysers.[104] Die enkele onderwysers was by verre na nie in verhouding met die getal kinders nie, en toe die mense in Transvaal „... elkeen 'n afsonderlike plaas gekry het, moes amper elke huisgesin self sorg vir die leer van die kinders".[105]

Indien daar nog 'n rondgaande huisonderwyser op 'n plaas bekom kon word, was dit gewoonlik 'n afgedankte soldaat, of 'n matroos wat ge= dros het, en van 'n twyfelagtige karakter.[106]

Op al die plase tussen Potchefstroom en Heidel= berg was daar gedurende 1850-1855 slegs vier huisonderwysers. Hulle was Marthinus Preto= rius,[107] Jan Spruit, W. McDonald en Chris= tiaan Homan.[108]

Die haat teen die ingevoerde Hollander-onder= wysers wortel in die vroegste onderwysgeskie= denis. In 'n brief aan prof. Ulrich Lauts het

104) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onder= wys in die S.A. Republiek, p.224.

105) SPOELSTRA, B. Ons volkslewe, p.58.

106) MALHERBE, E.G. Onderwys en die armblanke, p.16.

107) Pretorius was blind. Hy het aan sy leerlinge Bybelse geskiedenis vertel, die Bybelboeke laat opsê en sing.

108) SPOELSTRA, B., op. cit, p.59.

Van der Linden in Oktober 1853 gekla dat „... hier een groot vooroordeel tegen de Nederlan=ders ..." was.[109)]

109) VAN DER LINDEN, H. Brief aan prof. U. Lauts. Potchefstroom, 7.10.1853. A13/2 : 265.